Artikel oor Mnr Groenewald soos verskyn in die Wes-kaap Agri van November 08

Dormer-President Ryg Pryse in

(Heleen Scholtz)

Christo Groenewald, nuwe president van Dormertelersgenootskap van Suid-Afrika en 'n top-skaapboer wat die toekennings inryg, boer sedert 1989 met die Dorwald Dormerstoet op Alexanderskloof naby Riviersonderend.

Hy en sy vrou, Beppie, het onlangs na Bloemfontein gereis om by 'n spogfunksie as finalis in Voermol se mededingende Skaapboer van die Jaar-kompetisie aangewys te word. Hy is ook twee weke gelede as SA STAMBOEK/CEVA se Nasionale Kleinveeteler van die Jaar gekroon, en het verder die Charl van Rooyen-wisseltrofee vir Bemarker van die Jaar ontvang.

Groenewald vertel hy het baie navorsing gedoen vir die geskikte ras in sy streek, en dat die Dormer se gehardheid, vrugbaarheid, aanpasbaarheid en goeie benutting van swak ru-voer hom so beindruk het, dat hy voluit vir dié ras gegaan het. Sy eerste Dormer-ooie het hy van die legendariese "Oom Piet de Wet" aangekoop. Verskeie kampioene het die stoet se naam oor die afgelope twee dekades hooggehou. Kopers staan deesdae tou vir Dorwald Dormers wat bekend geword het vir hul gehardheid, direk vanaf natuurlike weiding.

In dié winterreënvalstreek waar hoofsaaklik op graan en vee gekonsentreer word, vul hierdie twee vertakkings mekaar uitstekend aan. Hoë kwaliteit peulplantweidings maak deel uit van die boerdery se voervloeibeplanning.

Groenewald behaal 'n uitstekende hoë speenpersentasie van 168% met slegs een jaarlikse lamgeleentheid per ooi. Dragtige ooie word geskandeer vir meerlinge; "ek glo dis die rede vir so 'n hoë speenpersentasie en bogemiddelde kilogram vleis gespeen per ooi per jaar."

Vervangings-ooie word slegs uit meerlinge geselekteer. Ooie word op 4-jarige ouderdom uitgeskot om plek te maak vir genetiese meerderwaardige jong ooie. Lammers word op 100 en 207 dae geweeg. Inligting word deur LNR verwerk om speen- en na-speenindekse te verkry, asook 'n ooi reproduksie-indeks.

Groenewald se belangrikste teeldoelwitte is onder andere vrugbaarheid, goeie moedereienskappe (wat lamvrektes moet beperk,) asook die maksimum vleisproduksie. Kliëntediens is vir hom 'n belangrike prioriteit, en of 'n koper nou een of eenhonderd diere gekoop het, dit word opgevolg om tevredenheid te waarborg. So word daar dikwels tot in die verste uithoek van die land en Namibië gereis om te kyk hoe Dorwald Dormers daar aangepas het. Dié toegewyde boer is ook betrokke by die aanbied van Dormerkursusse aan jong boere.

Die hele familie leef hul uit in hul skaap- en Nguni-boerdery. Vroulief Beppie is nie net 'n junior Dormer-beoordeelaar nie, maar bring ook haar kant tydens lamtyd,

asook met die administrasie van die boerdery. Die tweeling, Chris en Betro (16) en Herman (10) is almal betrokke as dit kom by by planttyd, oestyd, lamstertjies sny, ens. Die gesin is dol oor uitkamp. Namibië en die Kalahari is hul gunsteling bestemmings.

Groenewald se raad aan jong telers is: "Stap die langer, maar eerlike pad, doen heeltyd navorsing, leer by ouer telers wat reeds skoolgeld betaal het, en konsentreer op noukeurige rekordhouding, 'want om te meet, is om te weet.' "